

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 6

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

TOE EN TANS

Tydens die tweede wêreldoorlog het 'n Engelse predikant geskrywe:

Ons was 'n plesierliewende volk en ons het die dag van die Here ontheilig. Nou is die strande gesluit en daar is 'n tekort aan petrol.

Ons het die gelui van kerkklokke geïgnoreer. Nou mag hulle net gelui word tydens 'n inval.

Die kerke is deur ons half-leeg gelaat. Nou is hulle puinhope.

Die geld wat ons nie aan die kerk wou gee nie, word nou as belastings van ons gevorder.

Die diens wat ons vir die Here nie wou lewer nie, word nou as verpligte diens deur die owerheid van ons gevorder.

Die voedsel waarvoor ons vergeet het om te dank, is nie meer te koop nie.

Die nagte wat ons nie in gebed wou deurbring nie, bring ons nou in ang en bewing in die skuilkelders deur.

DIE MILDE SOMERAAND...

Noudat dit somer is, is dit saans so lekker op die grasperk voor die deur of op die stoep. Bokant jou — die nuwe hemel waaraan die sterre een-een begin blink totdat die hemelse leërskaars langs hul silwer bane, oor die nagtelike hemel glim. Om jou die wye aandrustigheid, die swaar geur van songestoofde aarde diep in jou longe en die koeligheid van die naglug soos 'n lafenis op jou slape.

Nou kan jy ontspan. Nou kan jy rus en netnou kan jy in die slaap se soet vergetelheid wegsink. Omdat u die hele week hard gewerk het, het u hierdie rus verdien, maar daar is iets waaroor ek onrustig voel. Daar is iets wat my hinder.

Miskien het dit soms ook al by u aan die gewete kom klop? Dis hierdie ding dat duisende van ons Sondagaande op hul stoepe sit of op hul grasperke lê, terwyl die evangelie van Jesus Christus (wat ook vir ons hierdie rus verdien het) in amper leë kerke gepreek word.

Ekskuus dat ek nou u rus kom omkrap, maar wees eerlik voor God en voor die regbank van u eie gewete. Is dit reg? Hoe lank sal God dit verdra? Watter uitwerking gaan hierdie praktyk op ons kinders hê? Lees 'n bietjie die voorafgaande teks wat 'n predikant in Engeland gedurende die tweede wêreldoorlog geskrywe het.

Is ons absoluut seker dat dit nooit so met ons sal gaan nie? Hoe sal dit wees as ons kerkklokke hoor lui, maar nie na die kerk mag gaan nie? Dan sal dit te laat wees om terug te dink aan die Sondagaande toe ons kón gaan maar nie wóú nie. Ook van ons geld wat van Juda gegeld het: Tot die wet en tot die getuienis. As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen môrelik ken nie.

Dus, geniet die milde someraande. U verdien dit na die dag se harde werk, maar gaan Sondagaande kerk toe.

WAT GELD NIE KAN KOOP NIE

U het 'n mooi huis. Daar is 'n goeie motorkar in die motorhuis. Die meubels is goed. U inkomste en leefwyse onderstreep u sukses. U hoef nie kop-onderstebo by die bankbestuurder verby te loop nie. U vra van niemand iets nie. U ken nie die vernedering om bakhande te staan nie.

Wanneer u in die oggend uit die bed klim, is u bewus van u sukses. Ek sien u in die oggend na u werkplek stap: kalm, selfversekerd en mag ek dit ook sê... 'n bietjie vernaam. Ja, u het natuurlik reg daarop, want u is 'n suksesmens. Die ander wat by u verbyskuur, het nie so baie soos u bereik nie.

Ek sien u ook by u klub waar u 'n gereëelde besoeker is. Die mense sal u daar nie wil mis nie. Die mense soek graag u geselskap. Hulle wil graag by u gesien word. U sal moontlik sê: "Ek het my eiendom, my aansien en my sukses nie sommer opgetel nie. Dit het harde werk gekos. Toe die ander geslaap het, was ek wakker. Ek het maar net my kanse benut." Ek wil u hartlik gelukwens met wat u bereik het! U is 'n suksesmens.

U wil moontlik byvoeg: "My geld is darem nie alles vir my nie. Ek dien ook en wat is mooier as om te dien? Ek dien in die gemeenskap waar ek staan. Ek kry geen vergoeding daarvoor nie. Ek dien in my politieke party. Ek gee ook baie donasies aan verdienstelike sake." U vorder goed in alle rigtings. U is 'n suksesmens.

Sal u luister as ek u die wêreld probeer teken waarin u lewe? U wêreld is een waarin begrippe tel soos *inkomste, sukses, harde werk, aansien*. Volgens hierdie kriteria gemeet, kry u 'n hoë persentasie, miskien 80% of selfs 90%. U val in die super-klas of om 'n bietjie meer beskeie te wees: baie verdienstelik.

Die "wêreld" waarin u lewe, is verkeerd. U wêreld is een van wat het ek bereik. Alles wat ek het, het ek verdien. Die leuse is Excelsior... steeds hoër.

Maar dit is nie God se wêreld nie. Dit is nie die wêreld waarin God ons wil lei nie.

Probeer 'n slag om ware liefde te koop. U reken tog dat liefde waardevol is.

Probeer om ware geluk te koop of te betaal. Geluk is tog 'n waardevolle ding.

Sien u nou dat die beste dinge nie gekoop kan word nie!

Kom saam met my na die *Bybel*. U het miskien al lankal opgehou om dit te lees of dit nie verstaan nie.

As ek vir u doel die *Bybel* in 'n paar woorde moet opsom, sal ons dit só wil stel:
Nie wat ek kan koop nie, maar dat ek gekoop is.

Kom, ons lees daarin: "Want Hy het ons vir God gekoop met sy bloed uit alle volke en tale en nasies." Ons lees verder: "Omdat julle weet dat julle nie met verganklike dinge, silwer of goud losgekoop is uit julle ydele lewenswandel nie, maar deur die kosbare bloed van Christus

soos 'n Lam, sonder gebrek en vlekkeloos."

Die liefde en genade van God kan nie gekoop word nie. U moet dit weet, u moet dit glo!

Kan u die *andersheid van hierdie wêreld* insien?

Wanneer u in Jesus Christus glo wat u vir God gekoop het met sy bloed, dan tree die volgende veranderinge in:

U is nie meer *eienaar* nie maar *eiendom*.

U roem nie meer in wat u *besit* nie maar daarop dat u *besit word*.

U kosbaarste besitting is nie meer die *goed* wat u alles gekoop en verwerf het nie maar dat u die *genade* van God het.

U gaan nie meer verder praat van *sukses* nie maar van *seën*.

Hierdie goeie dinge: die liefde van God, om God se besitting te wees, om die blywende vreugde te hê, dit kan geld nie koop nie. Christus koop dit vir u.

A. du Plessis

Tot dusver het u gelewe vir uself, lewe nou verder vir God. Hy het u gekoop.

My man drink...

Hoe goed ken ek jou verhaal. Jy hoef dit skaars te vertel. Soveel van jou susters met dieselfde nood het al hul verhaal van oorkant hierdie lessenaar vertel. Dit bly maar dieselfde geskiedenis van teleurstelling, skok, verbittering, skande, honger en trane.

Dit het al voor jul huwelik begin. Toe het jy agtergekom dat hy soms 'n bietjie te veel drink, maar jy het gedink dit sal verbygaan. Jy het jou voorgeneem om hom met jou liefde te genees van die drank. 'n Tydjie het dit goed gegaan. Toe, omstreeks by die geboorte van jul oudste het hy een aand laat tuisgekom. Sy asem het 'n duidelike klank gehad.

Rusie. Die gort was gaar. Julle het opgemaak. Hy het belowe... maar dit het weer en weer en weer gebeur. Die geluk het uit jou lewe verdwyn.

Een aand het hy jou geslaan. Toe het daar iets in die vrou in jou doodgegaan. Jy het 'n outomaat geword; soos 'n masjien en snags het jy alleen op die bed gelê met oë wat nie meer huil nie en 'n hart wat nog klop maar nie meer voel nie. Hoeveel maal het hy jou verneder.

Die kinders het in voortdurende angsgroot geword. Eers het hulle nog geglo dat pappa siek is, totdat die oudste eendag prontuit gesê het: "Pa, jy's weer dronk."

Geen kos in die huis nie... die meubels teruggevat. Waar gaan 'n vrou met hierdie nood heen? Jou ouers? In jou hart brand die ironie van die selfverwyt. Pa en Ma het hoeveel keer gewaarsku, maar jy was jonk en het gedink jy weet beter. Hul waarskuwings het jou net dieper in sy arms gedryf.

Na vriende? Jy is dankbaar vir goeie vriende, maar 'n mens het ook jou eergevoel?

Hoe lank is dit nou al. Jy weet nie. Jy het jou troudatum vergeet, want jy het te veel gely. Kan dit waar wees? Kan 'n vrou vergeet op watter dag van die maand en in watter jaar sy getroud is? Ja, smart maak sommige dinge in jou dof en dood en ander dinge skerp.

Hoe lank moet dit nog duur? Egskeiding? Daaraan het jy dikwels gedink, maar wat van die kinders? Egskeiding mag dikwels 'n uitweg wees, maar is dit 'n oplossing? Egskeiding is sonde... jy mag nie egbreek nie.

Wat dan? Wat meer is, jy verstaan jou eie hart nie. Na alles wat gebeur het, het jy hom nog lief. Wie sal ooit die hart van 'n vrou verstaan? Jy hoop jy sal hom nog eendag kan red.

Waarheen?

Jy vra waar moet jy heen? Luister, daar is vir 'n mens met soveel leed soos jy nog raad. Daar is nog helpende hande wat deur God beskik word, om jou te ondersteun.

Eerste wat ek jou aanraai, is bid, bid, bid. Die gebed van die regverdige het groot krag. 'n Gebroke hart en 'n verslae gees sal Hy nie verag nie. God is die Hoorder van die gebede. Hy sal jou ook hoor.

Gaan ook kerk toe. Neem jou kindertjies saam. Al is die kleertjies karig. God kyk nie na die klere nie. Hy kyk na die hart. Die kerk is nog 'n laaste anker vir die lewe van jou en jou geteisterde kinders. Gaan besoek die predikant; selfs al het hy jou nie besoek nie. En gaan praat jou hele hart voor hom uit. Nee, moenie vra dat hy met jou man moet gaan praat nie.

Ek is self predikant, en ek weet dat 'n predikant die laaste een is wat met 'n alkoholis moet gaan praat. Dit maak sake net erger, want al sal jou man in sy dronkeskap tot op die trappies van die kerkgebou kruip om die koue nag daar te lê in 'n laaste besef dat hier redding is; nogtans sal hy die oomblik dat hy die predikant sien, in 'n kramp van skuldbesef in

vyandskap verstyf. Net 'n mede-alkoholis kan met 'n drankverslaafde praat. Na hom sal jou man luister, maar nie na die predikant nie.

Gaan praat jy met die predikant. Hy sal graag die geestelike spanning waarin jy leef, help verlig en vir jou bid. Miskien weet hy ook van ander middele om jou man nog te probeer red. Gesels ook 'n keer met jou huisdokter. Daar is vandag baie goeie mediese behandeling vir dranksug. Miskien kan hy u verwys na 'n sielkundige of 'n huweliksvoorligter, of na een of ander organisasie wat alkoholiste help.

Hou moed.

Ons bid vir u.

P.W.B.

IS U DOOF?

Ons bedoel nie die gewone hardhorendheid waarvoor die dokter 'n gehoorapparaatjie voorskryf nie. Ons wil oor nog 'n baie ernstiger doofheid praat — geestelike doofheid — godsdienstige hardhorendheid — dat 'n mens die stem van God nie kan hoor nie — dat Jesus Christus tevergeefs na jou roep — dat die saad van die evangelie by jou op harde grond val en deur die voëltjies opgepick word — dat die gelui van die kerkklokke nie deur hart en ore gehoor word nie.

Wat van u?

Is u ook so 'n dowe? Laat u God ook maar praat en praat sonder om te hoor wat Hy sê? Dan het u hulp dringend nodig... geestelike hulp, want God praat nie maar sommer nie. Hy roep omdat u in nood is... in doodsnoed... in helse nood. Daarom roep God na u.

Hoe roep God?

Hy roep u deur sy hele skepping. Die skepping is die mooi boek waarin die naam van God geskrywe is. Kyk na die blomme. Hulle is die wit en rooi en blou letters in die boek van God se skepping. Hulle spreek van sy hemelse heerlijkheid tot u en van sy vaderlike goedheid.

Kyk na die sterre. Wie het hulle gemaak? Wie hou hulle eeu in eeu uit op hul bane? Sterrekundiges ontdek nog altyd sterrestelsels. God het hulle almal gemaak. Hoe groot moet God dan wees!

Nog duideliker as deur sy skepping, spreek God deur sy Woord, die Heilige Skrif: die evangelie van Jesus Christus. God roep u deur die prediking van se evangelie in die kerk. Hy roep u ook deur hierdie eenvoudige woorde wat u nou hier lees. Hy roep u deur die kerkklokke wat u Sondag hoor lui.

So het Hy Israel geroep: "Hoor, julle dowes!" (Jes. 42:18). Om u saligheid en om sy eer ontwil: "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie." (Hebr. 3:7, 8).

AS JESUS IN MY LEWE KOM (3)

Daar was 'n man van wie ek wil vertel. Hy was 'n baie gesiene persoon uit Ethiopië. In ons tyd sou hy seker 'n minister van finansies genoem word.

Al die aansien en rykdom wat hy geniet het, het hom tog nie ware lewensgeluk en blydschap geskenk nie. Waarskynlik het hy in verskillende plekke en godsdienste geluk probeer soek, maar kon dit nie vind nie. Toe besluit hy om na Jerusalem te gaan. Daar het hy wel godsdienstigheid gevind, maar geen ware sielsblydschap nie.

As hy op sy terugreis vir ons geteken word, sien ons hom as't ware as 'n bekommerde, blydskaplose figuur met 'n somber trek op sy gesig. Langs die pad het hy 'n man opgelaai. Die man — Filippus — 'n dissipel van Jesus — het Jesus aan die man verkondig en die Ethiopiër het Hom in die geloof aangeneem. So het Jesus in sy lewe gekom.

Nou word daar verder van hierdie minister van finansies gesê dat hy sy weg verder **met blydschap gereis** het. Met Jesus het daar nou ook ware blydschap in sy lewe gekom. Die sombere, blydskaplose en ongelukkige uitdrukkings op sy gelaat het verdwyn en alles straal van blydschap — nie maar 'n oppervlakkige plesierigheid nie, maar van 'n hartlike blydschap wat niks hom meer kan ontnem nie. Van daardie blydschap het Paulus ons reeds vertel. Dit het hom in staat gestel het om lofliedere te sing selfs toe hy vasgeketting in die tronk gesit het.

Hierdie man het sy weg verder met blydschap gereis — nie net sy weg na Ethiopië nie, maar sy hele lewensweg.

Ook hier moet u met my saamstem: Jesus het 'n groot verandering in die lewe van die minister van Ethiopië gebring.

P. J. de Bruyn

Waarvoor moet ons meeste vrees?

- Met al die kerntoetse en bomme wat ontplof in verskillende wêreld dele, word die atmosfeer baie besoedel. Voorspellings is gemaak dat as gevolg van hierdie besoedeling met radio-aktiewe stof daar geslagte kinders gebore kan word wat gebreklik en lewenslank ongelukkig kan wees.
- Is die besoedeling van ons gees vanuit die hel nie 'n veel groter gevaar nie? Wat doen u as ouer om u kind te beveilig teen geestesbesoedeling wat hy kan opdoen by die moraal van egskeiding en ontug wat in talle Amerikaanse rolprente en in baie moderne tydskrifte verkondig word? Hierdeur kan u kind tot in ewigheid negatief beïnvloed wees!
- Toe daar 'n tyd gelede in die V.V.O. voorgestel is om sanksies teen Suid-Afrika toe te pas, het ons almal die hongerspook voor ons deur sien staan. As daar geen handel meer is nie, kom daar hongersnood. En ons het gehuiwer by die gedagte aan ons kinders wat om brood roep, en daar is nie. . .
- Is ons nie dalk meer bekommerd oor ons ekonomiese welvaart as oor ons godsdienstige erfgoed en die geestelike voedsel waarmee ons ons kinders moet voed en verryk nie?
- *Jesus het gewaarsku: "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." (Matt. 10 : 28).*

'N GEDAGTE VIR DIE NUWE JAAR

Salig wie in hul opregtheid
wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getuignis let.
Salig die wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.

Heer, ek is 'n skaap verlore,
in die wildernis verdwaal.
U, my Heer en Herder, bid ek
dat U my tog wil kom haal.
Soek my, bring my weer, u dienaar
wat in al sy harteled,
en in al sy teënhede,
u gebooie nie vergeet.

Psalm 119:1, 63.

HEER ALS GIJ NIET...

Heer als Gij niet van dag tot dag,
van uur tot uur mij steunt,
als Gij niet iedere oogenblik
mijn stem hoort hoe zij kreunt;
dan struikel, val ik keer op keer. . .
als Gij mij niet en draagt, o Heer,
Leer lopen mij, leer vast mij staan,
met U als Leidsman zal het gaan.

GEBED VIR DIE NUWE JAAR OM ELKE DAG GEBID TE WORD

Onse Vader wat in die hemele is.
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie. maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.

IETS OM ERNSTIG OOR NA TE DINK

LAAT DIE VLOEKER HIERVAN KENNIS NEEM

Vraag: Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek, dat God Hom ook oor diegene vertoorn wat dit nie, soveel as dit in hulle vermoë is, help weer en verbied nie?

Antwoord: Ja, seker; *want daar is geen groter sonde* of een wat God meer vertoorn nie, as die lastering van sy Naam; daarom het Hy ook beveel om dit met die *dood* te straf.

(Heidelbergse Kategismus, Sondag 36, Vraag 100).

Lees hieroor in u Bybel: Spreuke 29:24; Levitikus 24:16.